# WELCOME

*We're so happy to have you here!*

shofar


Heiden of
Heilige? deel 3:
Die Geregtigheid
van Genade
shofar

# Heiden of Heilige?

1. Dit is net die Woord van God wat kan deurbreek en ’n heiden verander in ’n heilige.
2. God vergewe die hart vol waarheid en opregtheid wat op Hom gerig is.

**(2 Sam 12:1-3)** Daarna het die Here vir Natan na Dawid toe gestuur. Natan het by hom gekom en gesê: “Daar was twee mans in dieselfde plek. Die een was ryk en die ander arm. Die ryke het groot troppe kleinvee en beeste gehad. Behalwe een ou ooilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders grootgeword. Sy het van sy krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n eie dogter.

shofar

**(2 Sam 12:4-7)** Daar het 'n besoeker by die ryk man gekom en hy kon dit nie oor sy hart kry om van sy eie kleinvee of beeste te vat en vir die reisiger te slag nie. Toe vat hy die ooilam van die arm man en slag haar vir sy gas.” Dawid het hom bloedig vererg oor die man en vir Natan gesê: “So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die ooilam vergoed.” “Jy is die man!” sê Natan toe vir Dawid. “So sê die Here die God van Israel: Ek het jou tot koning van Israel gesalf. Ek het jou teen Saul beskerm.

shofar

**(2 Sam 12:8-10)** Ek het aan jou die koningskap van Saul
gegee en boonop nog sy vrouens ook. Ek het die koningskap
oor Israel en Juda aan jou gegee. En as dit nog te min was,
sou Ek enigiets daar wou bygee. 9 Waarom het jy nou die
woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te
doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak
en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die
swaard van die Ammoniete. “Daarom sal die swaard nou
nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My
geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het.

shofar

**(2 Sam 12:11-13)** “So sê die Here: Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot, want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar Ek sal alles oop en bloot voor die hele Israel doen.”Toe sê Dawid vir Natan: “Ek het gesondig teen die Here.” En Natan sê vir hom: “Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie.

shofar

**(2 Sam 12:5-6)** Dawid het hom bloedig vererg oor die man en vir Natan gesê: “So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die ooilam vergoed.”

shofar

**(2 Sam 12:7)** “**Jy is die man!**” sê Natan toe vir Dawid.

**(Rom 2:1)** Jy sê dalk: “Dis darem verskriklike mense wat jy beskryf!” Jy is egter self sonder verontskuldiging. Deurdat jy ’n oordeel oor ander uitspreek, veroordeel jy immers jouself, want eintlik doen jy dieselfde soort dinge. Daarom is jy ook sonder verontskuldiging.

shofar

**(Rom 2:4-5)** God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.

shofar

**(2 Sam 12:10-11)** “Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het. “So sê die Here: Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring…

shofar

**(Heb 12:5-7)** Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: “My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, **want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.**” Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?

shofar

**(Rom 3:23-26)** want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, <u>**om sy geregtigheid te bewys**</u> deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, <u>**sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.**</u>

shofar

# Heiden of Heilige?

1. Dit is net die Woord van God wat kan deurbreek en ’n heiden verander in ’n heilige.
2. God vergewe die hart vol waarheid en opregtheid wat op Hom gerig is.
3. In Jesus is God se geregtigheid bewys en ons geregtigheid verkry.

shofar

**(Han 17:30-31)** God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

shofar